Pretoria- 20 Julie 2014

Skriflesing: Romeine 7
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 44**
Teks: Romeine 7:7
Sing- Sb 34:2,3 (2-2:2,3); Ps. 34:6; Ps. 84:1

Romeine 7

Rom 7:1 Of weet julle nie, broeders want ek spreek met mense wat die wet ken dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie?
Rom 7:2 Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man.
Rom 7:3 Daarom dan, as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie.
Rom 7:4 So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra.
Rom 7:5 Want toe ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.
Rom 7:6 Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.
Rom 7:7 Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.
Rom 7:8 Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk; want sonder die wet is die sonde dood.
Rom 7:9 En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe.
Rom 7:10 En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees.
Rom 7:11 Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood.
Rom 7:12 Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.
Rom 7:13 Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie! Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees, omdat dit deur die goeie vir my die dood bewerk, sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word.
Rom 7:14 Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.
Rom 7:15 Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.
Rom 7:16 En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is.
Rom 7:17 Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.
Rom 7:18 Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie.
Rom 7:19 Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.
Rom 7:20 Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.
Rom 7:21 Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig.
Rom 7:22 Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens;
Rom 7:23 maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.
Rom 7:24 Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?
Rom 7:25 Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! (7:26) So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde.

Pretoria- 20 Julie 2014

Sondag 44

113 *Vraag*: Wat eis die tiende gebod van ons?
Antwoord: Selfs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie. Ons moet altyd en heelhartig vyande van alle sonde wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê (a).
(a) Rom 7:7.

114 *Vraag*: Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?
Antwoord: Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid (a), maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe (b).
(a) 1 Joh 1:8; Rom 7:14, 15; Pred 7:20; 1 Kor 13:9. (b) Rom 7:22; Ps 1:2.

115 *Vraag*: Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?
Antwoord: Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (a), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek (b). Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik (c).
(a) Rom 3:20; 1 Joh 1:9; Ps 32:5. (b) Matt 5:6; Rom 7:24, 25. (c) 1 Kor 9:24; Fil 3:12-14.

<u>Skriflesing:</u> Romeine 7
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 44**
Teks- Romeine 7:7
Sing- Sb 34:2,3 (2-2:2,3); Ps. 34:6; Ps. 84:1

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- Die laaste gebod, die tiende gebod is geen nuwe gebod. In werklikheid is dit ’n samevatting van al God se gebooie. As God met ons oor begeertes praat, dan het dit met al die gebooie van God te make. Die tiende gebod trek eintlik al die gebooie in een punt saam – JY MAG NIE BEGEER NIE- nie begeer om enige van die gebooie te oortree nie. Die grondslag wat in die oortreding van al die gebooie lê begin by ’n sondige begeerte. Begeerte wat in die paradys al die eerste sonde harte aan die gang gesit het. Ons lees in Genesis 3:6- *Eva het besef dat die boom se vrugte goed was om van te eet en dat hy ’n lus was vir die oë, ja, ’n boom wat ’n mens kan <u>begeer</u> om verstand te verkry*……Hier het die grootste verwoesting in menselewens juis op die punt van begeerte begin.

Begeerte begin in die hart. Daar in die diepste geheimenisse, die skuilhoeke van ’n mens se hart. Die Spreuke digter maak dit dan ook baie duidelik in Spreuke 4:23 as hy sê – *Bewaak jou hart, meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe*…..In die tiende gebod is die Here met die innerlike van die mens besig. Die gesindheid van die hart is vir God baie belangrik. Toe God vir Dawid as koning gekies het, sê Hy dan ook vir Samuel ons as

mense *sien wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan.* Die mens kyk na die uiterlike, God kyk na die innerlike.

Jakobus 1 het ons al van tevore gewys hoe die oorsprong, die geboorteproses van alle sondes op die vlak van begeertes gebring word. Sondige begeertes is die saad wat alle sondes bevrug, sodat die sondes begin ontwikkel……Vers 14-15 – *Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna as die begeerlikheid ontvang het, baar dit die sonde en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.* Die dood, dit begin by sondige begeertes. Begeertes is die wat maak dat ons doopsformulier ook moet sê dat hierdie lewe van nou eintlik niks anders is as ’n voortdurende sterwe nie. Begeertes maak ons dood.

Ons het Romeine gelees. Romeine 7:7 lig dan ook die sonde van begeertes uit….Paulus sê dat *hy die sonde nie anders as deur die wet sou geken het nie, want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie*……Een van die sentrale gedagtes in Romeine is dan ook dat ons uit onsself dood is, morsdood, so dood soos ’n klip. U onthou nog die struktuur waarin Romeine geskryf is, die struktuur van ’n hofsaak! Eerste die klagstaat met die beskuldigings teen ons. Rondom elkeen van daardie beskuldigings is daar die bewys dat ons doodskuldig is. Uit onsself is ons dood. Die Here het gesê as die mens teen Hom in die paradys sou oortree, dan sal hulle sekerlik sterwe. Hulle sal gewis nie lewe nie – HULLE SAL STERWE.

Die mens het gesterf. Vir God was hy morsdood, daar is geen lewe, geestelike lewe in die mens waarmee die mens weer na God sou kon terugkeer nie, die dood waarteen God die mens gewaarsku het, het gemaak dat hy nooit weer by God sou uitkom nie. Nooit weer saam met God in die aandwindjie wandel nie. Ons het in art 17 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dit ook verlede Sondag weer nagekyk. Aan die kant van die mens, staan daar net die dood, op elke aanklag in Romeine 1-3 is ons doodskuldig.

As die ongeregtigheid, as die skud, as die dood van alle mense saamgevat word dan begin Romeine 3:9-20 die laaste bladsy van die klagstaat ooprol, *daar is niemand regverdig nie, almal het afgewyk. Daar is niemand wat goeddoen nie, selfs nie een nie. Ons is dood, ons is ’n graf,*

ons keel is 'n oop graf, haastig *is ons voete om bloed te vergiet,* die bloed wat uit die hart, met woorde, met die hande kan vloei….verwoesting, ellende, geen vrede, geen vrees. U hoor wie ons is, ONS IS MOORDENAARS (ons wil selfs vir God vermoor), wat ONS IS DOOD (geen lewe waarmee ons weer na God sou kon terugkeer nie), u hoor ook hoe ons is, ONS IS ELLENDIG, ja, ellendig beteken uit ons landuit….uit die paradys uit…..ons is na die paradys permanente reisigers, wat nêrens 'n tuiste het nie, uit onsself sou elkeen se tuiste eendag die hel gewees het. Hel sal my land wees. Dit is ek, dit is u,…..ellendig!.

***

So praat Paulus ook van homself in Romeine 7:24 – *Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?* Die dood wat by begeertes begin het, sê Jakobus, dit sit nou in die liggaam. Die mens met sy begeertes sal uit homself in sy geestelike dood, die ewige dood, van die ewige hel ingaan, waar 'n vuur vir ewig die lewe in 'n mens sal wil uitbrand en dit sal net nooit weer ophou nie, want die liggaamlike dood waarna die mense in die hel so sal verlang sal daar dan nie meer wees nie. So min soos wat 'n mens nou enige verweer teen die klagstaat in Romeine het, (in Romeine 3:19 staan-*elke mond is gestop)* so sal daar in die hel ook vir geen mens geen verweer wees nie. In die hel is daar geen MAAR wat vir ons as mense as verskoning sal kan geld nie……

As ons ons ellende besef en hoedat sondige begeertes die grondtoon daarvan vorm, dan is daardie MAAR in God se Woord vir u geskrywe. Die MAAR in Romeine 3:21…..*Maar nou*….God se "maar nou" moes Jesus swoegend aan die kruis uitsweet en uitbloei. God se "maar" kon geen mens verdien nie en ook sal geen mens uit homself by God 'n "maar nou" kan uitwerk nie. Die geweldige sê-krag van God se…..*maar nou,* moet ons ook hier by die einde van God se Wet inlees.

***

Die **MAAR** staan ook in ons belydenis – **<u>Maar</u> kan dié wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam? ……**Die maar-nou waarmee die volgende deel van die hofsaak in Romeine 3:21 begin, waarin God uitspraak lewer, is die maar in ons belydenis-vraag. God wys by die hofsaak in Romeine wat genade is. Die mens is ellendig, hy is dood…..doodskuldig…..hy verdien die dood en tog kom God en Hy sê MAAR!? …….God die regter vind dood skuldiges ……ONSKULDIG! Kan u dit glo? Dit is wat die <u>maar nou</u> in Romeine 3 vir u sê. God se

uitspraak is ONSKULDIG, God se vonnis is die EWIGE LEWE. Die vonnis is nie dood nie, maar julle wat doodskuldig is, God vonnis julle tot die lewe. Julle wat die dood verdien, julle kan lewe! Gemeente, dit is wat genade is – DOOD WAT LEWE KAN WORD…..

***

Daar is van ’n nuwe lewe sprake. In die lig van die nuwe lewe lees ons ook Romeine 7 en ons lees die laaste deel van ons belydenis wat oor die Wet handel. Die Wet is nog daar, daardie Wet het Christus volkome nagekom, Hy het elke jota en titteltjie in die Wet vervul, dat u en ek in Christus nou na die Wet kan gaan. Christus maak my vry van die Wet, want sonder Christus is die Wet vir my ’n onmoontlikheid om na te kom. Christus maak my vry om nou IN HOM aan die Wet gebonde te wees, soos wat Hy wat Jesus Christus is aan die Wet gebind is. Daar is nou van ’n nuwe binding, ’n nuwe verbond, ’n nuwe testament sprake as ’n mens in Christus is en daardie nuwe binding is ook op die Wet van toepassing.

Nogtans moet u nie dink die oue is nou vervang nie, dat die oue nie meer bestaan nie, néé die oue, die oue Wet is nog geheel en al daar, maar Christus het juis die oue vervul sodat Hy die oue geheel en al nuutgemaak het! Die Wet kry uit die oue ’n nuwe betekenis dat u en ek nou selfs ook uit die Wet nuut kan lewe, omdat ons in Christus is. Ons is deel van Christus, in Hom ingeplant, by Hom ingelyf, soos saad in ’n nuwe akker ingeplant nuut kan groei. Ons moet nuut in Christus groei, want Christus is nou in ons, Hy wek in ons die nuwe lewe deur sy Heilige Gees. Die Heilige Gees wil ons die nuwe lewe gee, Hy wil ons troos, Hy is dan ons Trooster, om ook deur die Kategismus as ’n troosboek vir ons hierdie troos aan te bied. Dit is ’n aanbod om God se genade, sy troos, sy troos-genade wat alreeds so oorweldigend werk, God belowe om sy genade, om sy troos nog elke dag meer te maak. Troos wat ons, hoe vrotter hierdie wêreld sal word, al hoe meer nodig sal kry. Soos wat ’n mens jou eie ellende besef, so besef ’n mens ook hoe vrot hierdie wêreld is. Elke dag wat ek leef, moet ek meer in God se genade leef, dan raak ek meer getroos. Dit is daaglikse bekering, die afsterf van die ou mens, die opstaan van die nuwe mens!

***

Daarom kan ek dan ook vir die meester van die kategismus antwoord as hy my vra – ***Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?*****.....Nee, want selfs die aller heiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar ’n geringe begin van hierdie**

gehoorsaamheid, maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te wandel. Nee, ons kan die gebooie nie volledig nakom nie, want ons is ellendig, dit is alle mense, selfs Paulus noem homself ellendig. En tog, die eie om aan God se gebooie gehoorsaam te wees is onverswak. Die Here het in Christus 'n vryheid bewerk dat ek nou-al 'n begin kan maak, **'n ernstige voorneme kan hê om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te wandel.** Die vryheid is die nuwe lewe vry van die toorn van God, vry van die sondemag, vry van die Wet, vry van die dood, dat ek in Christus myself kan oorwin en dan begin die nuwe gehoorsaamheid, 'n gehoorsaamheid wat my nou juis aan God se Wet gehoorsaam maak.

***

En hoe meer 'n mens aan God se Wet gehoorsaam is hoe duideliker word my eie swakheid, my ellende, my onvermoë om werklik ten volle aan die Wet gehoorsaam te wees. Hoe meer besef 'n mens hoe nodig ons die soen verdienste van Christus het, sy Vryspraak, sy geregtigheid. Dit is **waarom God dan ook die Wet so streng aan ons voorhou, al kan niemand dit in hierdie lewe onderhou nie,** want **gedurende ons hele lewe sal ons** deur die Wet **ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken en ons sal ook met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid** in Christus kan soek. Christus is die Een wat my ook met die Wet moet versoen voordat daar werklike regverdigmaking en vryspraak voor God kan wees. Christus bedek my sonde met die bloed wat Hy eenmaal aan die kruis gestort het, ja, Hy is die Middelaar ook tussen my en die Wet dat daar 'n nuwe verhouding met die Wet op grond van God se nuwe verbond, sy nuwe testament kan wees.

Die groot probleem van Israel soos wat Paulus dit dan ook in Romeine 9-1 uitwys is dat hulle aan die Wet sonder Christus wil vashou. Sonder Christus kan geen mens hom aan die wet hou nie. Israel verwerp vir Christus, hulle glo nie in Christus, daarom het hulle nie die ware geloof nie. Dit is uit en uit, enkel en alleen net die geloof in Christus wat ons regverdig maak, wat vir ons die lewe gee, dat daar nou ook 'n lewe uit die Here se Wet na ons toe kom.

Die Wet laat ons nie meer doodskuldig voor God staan nie, maar ons kan nou ook uit die Wet lewe. Daar kan 'n ware dankbaarheidslewe wees. Die lewe staan ook in vers 22-23van Romeine 7 – *Want ek verlustig my in die Wet van God na die innerlike mens*……Die laaste deel van

Romeine, vanaf hoofstuk 12 wil ons dan ook oproep, om ons liggame as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer te offer. Ons hele lewe moet aan God toegewy wees. Die grootste offer, die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe is die gebed. Ons gebede is soos offers wat na God opstyg. Die gebed is dan ook die begin van ons belydenis in Sondag 45, waarmee ons belydenis vir die volgende 8 Sondae mee besig is.

***

Gebod en gebed kan en mag nooit van mekaar geskei word nie. As God ’n gebod daarstel, dan moet daar van my ’n gebed wees, wat vir God om gehoorsaamheid aan daardie gebod smeek. So min soos wat ’n mens se liggaam sonder suurstof kan lewe, ’n mens moet asemhaal, so moet ’n mens bid, want die gebed is die asem vir die geloof. Sonder gebed is die geloof dood! Ons gebede moet dan ook altyd in die Heilige Gees wees. Die Heilige Gees moet met ons gebede wees. Dan alleen is die laaste deel van ons belydenis moontlik dat ons **sonder ophou ons sal beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik.**

Kan u, u voorstel watter ellende dit moes wees as Paulus by homself moes ophou. As vers 25 nie daarby kon gestaan het nie. Soveel het ons om dankbaar te wees, saam met Paulus kan ons elkeen sê – *Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?.....Die wonder, die MAAR NOU van God is bygevoeg, Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!*

AMEN